

Maandag 19 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:8-11

Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:8-11

Christus is jou krag en skuilplek wanneer die duiwel jou aanval

Die Here waarsku ons hier teen twee aanvalstaktieke van die duiwel. In die eerste plek laat die duiwel jou baie gerus voel. So asof alles in jou lewe reg is en jy van hom begin vergeet! Daarom waarsku die Here jou: Wees wakker en wees nugter! Moenie laat oën-skylike voorspoed en vrede jou waaksaamheid verslap nie! Wees altyd gereed vir sy aan-valle, want hy gaan jou nie uitlos nie! Hy is ernstig besig om jou lewe te bedreig met aller-hande versoekinge en deur beproewinge! Wees dus altyd gereed.

In die tweede plek probeer die duiwel ons deur beproewinge moedeloos maak. Hy probeer ons geloof ten gronde rig deur lyding en beproewinge wat ons moet deurmaak. En dikwels duur dit lank en onophoudelik! Daarom bemoedig die Here ons deur ons daarop te wys dat dit deel van ons lewenspad is, maar veral deur ons daarop te wys dat Christus ons krag gee om die lyding en swaarkry te deurstaan. Christus het belowe dat Hy ons deur die Woord en die Heilige Gees die krag sal gee om teen Satan te kan stry. Daarvoor gee Hy ons al die nodige gevegstoerusting (Ef. 6).

Belangrikste is egter die belofte van oorwinning! Die duiwel sal jou nie wen nie! Christus het hom klaar oorwin en Hy sal jou bewaar totdat die stryd verby is. Soek dan jou krag in die Here en skuil by Hom wanneer die duiwel jou aanval.

Sing: Skrifberyming 14-3:1

Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)